**29 SEPTEMBER** **SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: LUKAS 18:1-8**

## Regstelling in ons gebed

Die weduwee, die regter en God. In hierdie gelykenis teken Jesus die kerk as "weduwee" wat haar Bruidegom prysgegee het aan die hemel, en tans as vreemdeling en bywoner in hierdie wêreld leef (1 Pet. 2:11). Hierdie wêreld is deurdrenk met onreg. Wat staan die weduwee te doen, want niemand wil na haar luister nie? Bly bid en roep om God se reg: Kom o Regter van die volke, laat 'n nuwe wêreld aanbreek waarop u geregtigheid sal woon (Ps. 98:9, 2 Pet. 3:13)! Dan kom die vraag, asof dit met 'n tikkie hartseer in die lug wil bly hang (vers 8): "Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?"

As ons bid, roep ons om God se reg. Dit kan egter die gebed gevaarlik vir ons maak, want God se agenda lyk gewoonlik anders as ons agendas. As ons bid vir geregtigheid en reg in ons land, mag dit beteken dat ons ons voorregte moet prysgee. As ons bid vir ons kinders se toekoms, mag dit ons drome vir hulle in die wiele ry. As ons bid dat God ons in die operasie dra, mag God se reg 'n ander loop neem as wat ons verwag. Om dus in geloof te bid, is die uitspreek van ons begeertes na die Gees, nie na ons eie vlees nie.

Maar Jesus bring bevryding. Ons dink dikwels dat ons gebede God moeilik in beweging bring. Dit is asof jy soos 'n neet aan God moet klou, as't ware aanhoudend in sy ore moet bly neul. Ons meen dikwels dat ons gebedskrag God se arm moet draai. Dit is egter praktiese heidendom. Die bevrydende van hierdie gelykenis (eintlik: *ongelykenis*) is dat God anders is as mense, ook menslike regters. God gee. Hy gee soveel meer as mense (Matt. 7:11). Dit is sy goeie reg, as Vader. Hy klou aan ons soos 'n neet. Hy gee baie geredeliker as wat ons bereid is om te vra. Sy genade is dat Hy weet voordat ons vra. Daarom dat hierdie gelykenis Jesus se regstelling op ons gebede is. Sien God raak!

*Sing: Psalm 123:1, 2 (1936-beryming)*
*Psalm 123:1, 2 (2001-omdigting)*

*Ds Carel Jansen (Secunda)*